

22.2 BESWAARSKRIF: DR HF VAN WYK TEEN 'N BESLUIT VAN SINODE 2012 – LIED 348

Hiermee die ondergetekende se beswaar teen 'n besluit van Sinode 2012:396, 2.2.5:

| |
|-----------------------------------|
| 2.2.5 Besluit: Goedgekeur. |
|-----------------------------------|

Beswaargrond 1: Heiligverklaring van 'n nag

Drie maal in die lied kom die woorde "heilige nag" voor. Die Sinode het met die goedkeuring van die lied as 'n "Skrifgetroue lied" substansie gegee aan die feit dat sekere dae "heilig" verklaar kan word.

1. Daar is eksegeties geen grond dat Jesus in die nag gebore is nie. Trouens kan daar nie een kultuur-histories vasgestel word in watter maand of jaar Jesus gebore is nie. Hier word dus 'n spesifieke beeld ingedra wat nie Skrifgetrou is of kan wees nie.
2. Die woord heilig in die Ou Testament:
 - 2.1 Word primêr gebruik om die Wese van God te beskryf.
 - 2.2 Jesaja gebruik die term "Heilige van Israel" as heenwysing na die verlossingswerk van Christus.
 - 2.3 Die woord gebruik om persone te identifiseer wat uitsluitlik in die diens van God wat gebruik word. Voorbeelde is die priesters wat die tempeldiens verrig het asook Nasireërs.
 - 2.4 Die woord gebruik om voorwerpe te beskryf wat gebruik word tot eer van God. So lees ons van die tempelvoorwerpe wat slegs in diens van die Here gebruik kon word.
 - 2.5 Daar is geen Skrifverwysing na enige nag wat 'heilig' sou wees of waar daar enige rituele tot eer van God sou wees nie.
 - 2.6 Daar is 15¹ Skrifverwysings wat die idee kan wek van 'n heilige dag. Deeglike eksegeses van hierdie gedeeltes toon egter dat die dag nie heilig is nie, maar die byeenkoms en die interaksie tussen God en die mens. God beveel 'n rituele handeling wat die mens uitvoer gefokus op die eer van die Here.
 - 2.7 Die verbondsvolk, synde uitverkies deur God, word as eiendom van God 'heilig' genoem.
3. In die Nuwe Testament
 - 3.1 Word daar na God verwys as die 'Heilige'.
 - 3.2 Christus word die 'Heilige van God' genoem.
 - 3.3 Ons bid dat die Naam van die Here geheilig word.
 - 3.4 Die uitverkorenes word heiliges genoem.
4. Gevolgtrekking
 - 4.1 Daar is geen Skrifgrond dat 'n dag of nag geheilig is nie.
 - 4.2 Slegs op die feesdae tot eer van God was daar rituele om die heiligheid van God te vereer.
 - 4.3 Die geboortedag van Christus is die eerste trap van vernedering, en dan daarom nie 'n heilige dag/nag tot eer van God wees nie.

Versoek: dat die besluit om Lied 348 in te sluit in die liedereskat van die GKSA op te neem, geskrap word.

Toeligter: Dr HF van Wyk.

¹ Eksodus 12:16; 16:23; Levitikus 23:3; 7; 8; 21; 24; 27; 35; 36; 37; Numeri 28:18; 25; 26; 29:1; 2